DEEL 117 | WEEK 24 | 13 JUNIE 2025 | R5

HEILBRON HERALD



# Heilbronners pak Comrades aan

## *Comrades nie vir sussies nie*

Daar is iets betowerends aan die Comrades. Dis nie net 'n wedloop nie – dis 'n innerlike reis, 'n geveg teen pyn, twyfel en daardie stemmetjie wat fluister: "Jy kan nie meer nie." Maar vanjaar het drie dapper siele van Heilbron – Christel Schoeman, JP Botha en Simon Germishuys – gewys dat ware moed nie altyd hard praat nie, maar stil en vasberade elke kilometer oorwin.

Op 'n koel oggend in Pietermaritzburg het hulle, saam met duisende ander dromers, weggespring. Die son het skaars sy arms begin strek toe Schoeman en Botha om 05:45 hul eerste tree gegee het. Simon het om 06:00 saam met die tweede groep vertrek. Maar hul ware reis het lank voor daardie oomblik begin – reeds in Januarie, toe die eerste drafstappe van voorbereiding gegee is. 'n Droom is begin bou wat ses maande later werklikheid sou word.

Christel het haar eerste Comrades aangepak met 'n sprankel in die oog en 'n vuur in die hart. Ná 9 uur, 44 minute en 43 sekondes het sy oor die eindstreep gestap – moeg, ja, maar méér mens. "As ek aan die Comrades dink, raak my hart seer," vertel sy. "Dis nie net 'n wedloop nie – dis 'n sielservaring. Dit breek jou af... en bou jou weer op. Dit maak jou nederig, tot op jou knieë." Hulle noem dit nie verniet die *Ultimate human race* nie!

Die Comrades is nie 'n solo-reis nie. Vir Christel was haar drafmaats haar ankers – vriendskappe wat tydens sweet en stilte ontstaan het, en wat vir altyd sal hou. JP Botha, wat reeds in 2024 aan die Comrades deelgeneem het, het vanjaar sy agtereenvolgende-medalje met trots verdien in 'n tyd van 10:16:09 – 'n tasbare bewys van sy vasberadenheid. Simon Germishuys was nie ver agter nie, en het die afroete tussen Pietermaritzburg en Durban in 10:46:13 voltooi. Albei besef: dis 'n reis wat jou vir altyd verander. En al wonder hulle of hulle dit weer sal aandurf, is dit duidelik – iets in hulle is onherroeplik geteken deur dié wedloop van vuur en siel.

Vanjaar was die 98ste Comrades Marathon – 'n afroete van 89,98 km, met opdraandes, afdraandes en alles tussenin. Van die 22 677 atlete wat weggespring het, het 18 208 dit tot die einde gemaak. Maar vir die dapper drietal van Heilbron was dit nooit net oor die eindtyd nie – dit was oor elke tree, elke traan, elke hand op die rug, elke oomblik van deurdruk.

"Die hele Heilbron het agter ons gestaan," sê Christel. "En dit het alles net soveel mooier gemaak."

En dalk is dit inderdaad waar: Jy hardloop nie die Comrades met jou bene nie – jy hardloop dit met jou hart. En dié hartklop sal nog lank in Heilbron se strate eggo.










# Die avontuur van Parmant



Die kleuters van Bronnies en leerlinge van Hoërskool Heilbron en School of Destiny het op 5 Junie saam die personeel van Ringerstraat Jeugsorgsentrum geluister na die avontuur van Parmant. Omgie Engo se mascot het ook kom hello sê en vir die maatjies elkeen 'n drukkie gegee. Omgie se naam is afgelei van omgee en dit is die boodskap wat Omgie saam met die personeel van Engo verkondig. Die week van die 29ste Mei tot 6 Junie staan bekend as Kinderbeskermingsweek. Tydens die personeel se aanbieding, is die kinders bewus gemaak van veilige en onveilige aanraking sowel as wat om te doen wanneer iemand hulle lyfie seermaak. Die aanbiedings is geëindig met Bernice West se Lyfie sodat elkeen kan weet dat die Here hul mooi gemaak het.



*Op die foto vl: Mathato Tieba (Kinderversorger), Rethabile Lekata Maatskaplike werker), Omgie (Engo Mascot) en Elmarie Els (Bestuurder).*

**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30**
**Saterdae: 09:00 - 12:00**
Elsstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006
POSTNET HEILBRON

# Access to clean reliable water

The Democratic Alliance (DA) in Ngwathe will write to the Department of Water and Sanitation to request that it immediately step in and expand the Koppies water purification plant to ensure reliable access to clean water for all residents.


The DA is deeply concerned about the ongoing water supply crisis in Koppies, where the current water purification plant is wholly inadequate to meet the needs of the town and surrounding township residents.

The facility, originally built to serve a much smaller population, is now critically overburdened. As a result, many residents experience frequent water shortages, low water pressure, and unreliable access to this essential service.

In particular, residents of Koppies are subjected to daily water shedding, further exacerbating an already dire situation.

Water is a fundamental human right, and no one in Koppies should have to endure daily disruptions to their water supply.

The DA believes that access to clean, reliable water is a constitutional right. We will continue to hold those in power accountable until real, lasting solutions are delivered to the people of Koppies.



# Uit die Pen:

## Week 24

Verlede week het ek gewens dat ek meer van kompetisies geweet het. Vandag wens ek dat ek geweet het hoe die dobbelbedryf werk.

Toe ek klein was, het ek saam met my ouers Sun City besoek. In daardie jare was dit nog nie 'n vakansiebestemming nie. Jy het so half agter jou hand van Sun City gepraat, want dit was daar waar die dobbelmasjiene was.

Ek kan onthou dat ek 'n koeldrank gekry het, en buite die dobbelsaal moes wag terwyl my ouers en my sussie deur die dobbelsaal kon loop. Dit was 'n nuutjie. In daardie jare mag daar mos nie dobbelhuise in die land gewees het nie. Sun City is op Bophuthatswana se grond gebou, en daarom kon hulle na hartelus dobbel.

Waar ek met my koeldrank gestaan het, het die liggies my bekoor. Saam met dit die geklingel van die masjiene en die mense wat in- en uit loop.

Daar was 'n tannie, heelwat ouer as my ouers, wat geboë by 'n masjien gesit het. Ek het haar dopgehou. Sy het die 50c (ja, daardie dae kon jy met 50c dobbel) ingegooi en die regterkantse arm van die masjien getrek. Die liggies het aan gegaan maar daar was niks wat uitgespoeg is nie.

Die tannie het dit weer en weer gedoen, sonder om daaroor te dink. Af en toe het die masjien 'n paar geldstukkies uitgegooi.

*Doer* anderkant was 'n jongerige vrou wat aan 'n sigaret geteug het terwyl sy vanaf die een masjien na die ander gestap het en in elkeen 'n 50c gegooi het. Sy het aan die masjien gevat voordat sy die geld ingegooi het. Ek weet nie wat sy gevoel het nie. Ek verbeel my dat iemand gesê het dat jy net geld moes ingooi by masjiene wat warm is. Of dit die waarheid is, weet ek glad nie.

Toe ek net begin werk het, wen ek twee kaartjies vir twee mense vir 'n naweek in Thaba 'Nchu Sun. Ek neem 'n vriendin saam. Sy was vertroud met 'n gedobbel. Sy het my van roulette vertel. Ek het R100 opsy gesit en daardie aand kennis met roulette gemaak. Toe ek my R100 terug het, stof ek my bas af en gaan eet.

Die hele harwar in 'n dobbellokaal maak my effens angstig.

Indien jy nog nooit Annelie Botes se boek, Trippel Sewe, gelees het nie, doen dit gerus. Sy vertel van haar dobbelverslawing in die verhaal. Dit was vir my ongelooflik dat mense verslaaf kan raak aan dobbel. Ek neem aan dat dit amper soos delwery werk: jy is seker daarvan dat die GROOT een op pad is, jy moet net lank genoeg aanhou. Of soos om perde te speel: dalk wen jou perd. En sê nou net dat jy nie op daardie perd gewed het nie, en hy wen? Jy sal jouself nooit vergewe nie. Die dobbelbedryf is honger, en jy leen later geld om die gulsige monster te voer.

As iemand vertel het dat hulle 'n sekere bedrag op die masjiene gewen het, het my gryse pa altyd gevra hoeveel hulle spandeer het om daardie bedrag te wen.

So het ons ook die afgelope paar maande van twee mense gehoor wat die meeste van hulle beleggers se geld in dobbelplekke verloor.

Die eerste persoon het diamantpakkies verkwansel. Waarvan daar geen bewyse was nie. Hy het R4,5 miljard vanaf "beleggers" gekry. Verskeie bronne beweer dat hy tot soveel as R144 miljoen op die dobbelmasjiene verloor het.

Die ander is 'n jong man wat 'n maatskappy gehad het wat kleuterskole gestig het en waarin mense kon belê. Hy het R80 miljoen aan dobbel spandeer. Hy het blykbaar ten minste 50% teruggekry vanaf die gulsige monster.

Smaak my daar is niks lekkerder as om met ander mense se geld te dobbel nie. Jy het niks om te verloor nie, en alles wat jy wen, is joune.

Wat my verbaas is hoe die aanlyndobbelplekke opskiet soos sampioene. Waar die masjiene dalk nog 'n menslike faktor gehad het, dink ek nie dieselfde van aanlynplekke nie. Ek dink nie enige aanlyndobbelplek gaan toelaat dat mense hulle "bankrot" wen nie. Nooit nie. Dalk was die gulsige monsters in die dobbelsale ook geprogrammeer, ek weet nie. Maar ek dink nie iemand wen groot met aanlynplekke nie.

Maar dit is verslawend. Want dalk wen ek volgende keer. Dalk wen ek more. Miskien moet ek meer spandeer. Dalk moet ek twee keer soveel verwed, wat ook al die geval mag wees. En so span die net al hoe nouer.

Wat my kop effens van koers af bring is al die atlete en professionele mense wat ambassadeurs word van dobbelmaatskappye. Weet hulle watter effek dobbel op gesinne het? Mense wat alles verloor het om dalk iets te wen? Kinders wat sonder kos is, en sonder 'n pa of 'n ma gaan slaap, want hulle dobbel nog?

Soos met al die ander keuses wat ons deesdae maak, is dit sekerlik die dobbellaar se keuse wat hy met sy kosbare geldjies maak. Maar as iemand nie meer vir homself kan dink nie, dan moet daar mos 'n manier wees om hulle by te staan?

En nee, ek dink nie "wenners weet wanneer om te stop" nie. As ek net bogenoemde twee sogenaamde sakemanne as voorbeelde kan gebruik, weet ek verloorders weet nie wanneer om te stop nie.

Nadat ek alles hier bo geskryf het, trek ek my wens terug. Nee, ek wil nie weet hoe dobbel werk nie, want dalk raak ek ook so verslaaf.

Ek verstaan ook dat daar baie ander verslawings kan wees buiten dobbel. Dit voel net asof dit al hoe makliker raak om van jou maandelikse salaris ontslae te kan raak.

Dit maak my kop plat.

# Prayer Service Brings Hope to Heilbron Correctional Offices

A heartfelt prayer service was recently held at the Heilbron Correctional services , bringing together staff members in a moment of unity, reflection, and hope. The initiative was spearheaded by Ms. Evelyn Pone in collaboration with Mrs. Khanya from Groenpunt Prison, following growing concern over the number of deaths affecting staff in the small correctional facility.

According to Ms. Pone and Mrs. Khanya, the idea for the service came from a shared sense of urgency and spiritual need. "For a place as small as Heilbron Correctional services, we have experienced far too many losses," Ms. Pone said. "We believe prayer is a powerful way to seek strength, healing, and protection for everyone who works here."

The initiative received full support from colleagues, with Mrs. Leotlela expressing her agreement with the idea and Mrs. Jaars assisting with the organisation of the event. Their combined efforts helped bring the vision to life, ensuring the service was both meaningful and well-attended.

The Head of Centre, Mr. Mholo MMZ, warmly welcomed the gesture and praised the initiative for fostering unity and emotional resilience among the staff. "This is a much-needed act of togetherness during trying times," he said.

The service included prayers for the health and safety of staff, emotional strength, and peace amid the many challenges correctional officers face daily. Attendees described the atmosphere as deeply moving, with a strong sense of connection and spiritual comfort.

Mrs. Khanya emphasized the importance of supporting one another during difficult times. "Correctional work is not easy. We deal with tough situations every day. But with prayer and unity, we can overcome even the darkest moments."

Organizers hope this will be the first of many such gatherings—not only to seek spiritual guidance but also to promote well-being, resilience, and solidarity among all correctional staff.

The event served as a powerful reminder that, even in the most demanding environments, hope, faith, and a sense of community can bring much-needed healing.






# Be-Kof Barista Koffie 'n Heerlike Stop vir Koffieliefhebbers

*As jy 'n groot koffieliefhebber is en lus is om jouself bietjie te bederf, moet jy beslis 'n draai maak by Be-Kof Barista Koffie by die Wentworth Square Mall. Hierdie stylvolle koffiewaentjie, wat deur Herman en Suryn Classen besit word, bied 'n heerlike verskeidenheid koffies – van romerige cappuccino's tot sterk espresso's en iets vir elke smaak!*

*Die Be-Kof waentjie is deur die oggend beskikbaar en is die perfekte plek vir 'n vinnige pitstop op pad werk toe, of om net 'n rustige koppie koffie saam met 'n vriendin te geniet.*

***Beskikbaarheid: Maandag tot Vrydag:** 07:15 – 14:30.* **Saterdae:** *09:00 – 12:00 (indien nie vir 'n funksie bespreek nie).* ***Sondae by OK MiniMark: 08:30 – 12:00.***

***(Sondag, 16 Junie 'n verrassing vir al die vaders wat kom koffie koop).** Moenie hierdie smaakvolle ervaring misloop nie – kom geniet jou gunsteling-koppie net by Be-Kof! Be-Kof waentjie is by Wentworth Square Mall Heilbron, behalwe Sondae by OK MiniMark.*



# Huis- en Tuinbouklub maandvergadering

## *'n Les in etiket en interieurontwerp*

Die Heilbron Huis- en Tuinbouklub het hul Mei-vergadering gehou in 'n pragtige, historiese woning in Frankfort – die gerestoureerde huis van Gerrit & Susan, wat dateer uit die 1918's. Hierdie karaktervolle woning, met sy staalplafonne, houtvloere en sorgvuldig gekeurde antieke meubels, straal warmte, styl en gasvryheid uit. Die huis, vroeër bekend as die "Old Lady", is met liefde en respek deur die huidige eienaars oorgeneem en in haar glorie herstel. Die groot, pragtige roostuin rond die prentjie perfek af.

Die gasvrou het die klublede hartelik verwelkom, waarna die gaste 'n besondere voorlegging deur die formidabele Mariaan Roel bygewoon het. Sy het 'n insiggewende praatjie gelewer oor etiket, goeie maniere en die belang van selfrespek as grondslag van gasvryheid. Mariaan is betrokke by die ATKV se oorbruggingsjaar, waar sy etiket en die praktiese toepassing daarvan met studente behandel. Volgens haar begin goeie maniere by jouself – 'n persoon met selfrespek sal respek hê vir ander. Sy het praktiese wenke gedeel, van die korrekte hantering van eetgerei tot die aanbieding van disse op warm of koue borde. Die fynere punte van gasvrou-wees, soos om vooraf na gaste se voorkeure te vra, is ook bespreek – en sy het sterk gepleit teen die neiging dat gaste hul eie eet- of drinkgoed moet saambring.

'n Belangrike boodskap wat sterk deurgekom het, is dat etiket nie net 'n formaliteit is nie, maar 'n vorm van respek teenoor ander. Sy het uitgelig dat verloofdes aan tafel langs mekaar geplaas word, maar getroude paartjies verkieslik apart – só meng die geselskap beter. En natuurlik, geen mes word soos 'n potlood vasgehou nie!

Die tafelmaniere is met fyn detail bespreek: gaste wag dat die gasvrou, wat laaste inskep, ook aansit voordat daar begin word om te eet. Borde word nie gestapel nie; twee-twee word dit stylvol kombuis toe geneem. Geskenke aan die gasvrou? Dis haar keuse of sy dit oopmaak, maar privaatheid is gewoonlik die wyse pad.

Gesprekvoering is, volgens Roel, een van die belangrikste sosiale vaardighede. Onderwerpe wat aan tafel vermy moet word, sluit politiek, godsdiens, siektes, kinders en die weer in – laasgenoemde omdat dit tipies die onderwerp is as niks anders gevind kan word nie. Goeie geselskap vereis luister, wedervraag, en die vermoë om 'n storie kort en interessant te hou. Sy het mense aangemoedig om hul algemene kennis uit te brei en nie net in hul eie "klein wêreld" vas te val nie.

Daarna het Hannere van Wyk, mede-eienaar van Inca Interiors in Heidelberg, die gesprek voortgesit met 'n stylvolle aanbieding oor binnenshuise ontwerp. Hannere het verduidelik dat goeie ontwerp nie net visueel belangrik is nie, maar ook 'n invloed het op ons emosionele welstand. Sy het verwys na 'n studie van die Universiteit van Kalifornië in Los Angeles, wat bevind het dat wanorde in 'n huis dieselfde spanningseffekte kan hê as 'n oorlogservaring.

"Inca Interiors" het 'n unieke benadering: hulle ontwerp nie vir die kliënt nie, maar sáám met die kliënt – niks word afgedwing nie, alles is 'n samewerking. Sy het spesifiek gepraat oor die krag van muurpapier as ontwerpselement – hoe dit nie net kleur en patroon bring nie, maar ook tekstuur, diepte en atmosfeer. Die huidige tendens is gewaagd: groot blomme, sterk patrone en natuurlike elemente soos blare en murale. Selfs tekstuurpapier met foil of blink klippies is gewild. Sy het ook praktiese riglyne gegee: donker muurpapier laat 'n muur kleiner lyk, ligte reflekteer natuurlike lig en laat ruimtes groter voel. Vertikale strepe lig plafonne visueel, terwyl horisontale strepe 'n vertrek breër laat voorkom.

Haar finale raad was dat elke mens sy eie unieke styl het en nie slaafs agter mode moet aanloop nie. Wat belangrik is, is om die rommel te verwyder, toestemming aan jouself te gee om mooi te leef – en soms eenvoudig 'n kers aan te steek of die kussing op te pof.

Die vergadering was 'n inspirasie – 'n herinnering dat goeie maniere, 'n mooi huis, en opregte gasvryheid hand-aan-hand loop. Die lede van die Heilbron Huis- en Tuinbouklub het huis toe gegaan met nuwe idees, opgewekte gees, en moontlik selfs 'n paar planne om hul muurpapier op te gradeer.





*Op die foto vl: Mariaan Roel, Elbie Els (Tuinbou sameroepster), Hannere van Wyk en Rouxnette van Wyk (Inca Interiors).*





# Genade oorvloedig en vreugde onmeetbaar

*’n Lewensveranderende wonder op sy verjaarsdag*



Donderdag, 5 Junie, het ’n onuitspreeklike vreugde soos sonskyn oor die Roos-gesin se huis en die hele gemeenskap van Heilbron uitgestraal. Op sy 25ste verjaarsdag het George die ongelooflike nuus ontvang waarvoor hy en sy geliefdes so lank gehoop en gebid het – ’n geskikte beenmurgskenker is gevind!

Wat ’n hemelse geskenk op so ’n spesiale dag! Die dorp bruis van dankbaarheid en vreugde. “Goeiedag almal,” lui die opgewonde boodskap wat sy familie gedeel het, “George het vandag wonderlike nuus ontvang! Hy het sy behandelingskedule vir die komende maand gekry en die datum vir die oorplanting is vasgestel vir 2 Julie.”

Hoewel die besonderhede oor die skenker geheim gehou word weens die anonieme aard van die proses, is dit duidelik: dit is ’n wonderwerk van die hoogste orde. Die kans om ’n perfekte beenmurg-pasmaat te vind is een uit 100 000.

Sy familie straal van dankbaarheid: “Ons harte loop oor van dank teenoor elke persoon wat saam met ons gebid en gehoop het. Julle gebede en ondersteuning het ons draer geword in moeilike tye. Ons vra asseblief dat julle George steeds in julle gebede sal hou, want die pad vorentoe is belangrik en delikaat.”

Donderdag het die gemeenskap meer as net ’n verjaarsdag gevier– hulle het ‘n lewe, hoop en ’n nuwe begin gevier. Mag hierdie nuwe hoofstuk in George se lewe gevul wees met genesing, vreugde en seëninge in oorvloed.

# Belinda ontvang professionele diploma in fotografie

Belinda Liebenberg (gebore Marais), dogter van Frik en Christa Marais, het op Maandag, 9 Junie 2025, haar professionele diploma in fotografie aan die Photography Institute (PI) ontvang.

Belinda het haar kursus met groot lof voltooi en ‘n indrukwekkende eindpunt van 89,17% behaal. Hierdie prestasie getuig van haar toewyding, harde werk en passie vir die kuns van fotografie.

Sy het reeds drie plasings van haar foto’s in verskeie tydskrifte gehad – ‘n besondere mylpaal vir enige opkomende fotograaf. Hierdie vroeë erkenning in haar loopbaan is ‘n duidelike aanduiding van haar talent en kreatiwiteit agter die lens.

Belinda het met trots haar droom nagejaag en hierdie kwalifikasie is ‘n bewys van haar deursettingsvermoë en liefde vir haar werk. Haar familie, vriende en die gemeenskap van Heilbron is trots op haar prestasie en sien met opgewondenheid uit na wat die toekoms vir hierdie belowende fotograaf inhou.



# Inbrekers slaan weer toe in Heilbron:

## *Verskeie huishoudings geteiken*

Dinsdagoggend, 10 Junie, is Heilbron weer geteiken deur ‘n reeks inbrake wat die gemeenskap diep ontstel het. Volgens berigte is daar na bewering 17 verskillende sake van inbrake en diefstal wat tans ondersoek word.

Een van die inwoners wat swaar getref is, is Dawid Rossouw, wat in Tienie Groblerstraat woon. Hy meld dat daar skade van ongeveer R46 000 aangerig is. Onder die items wat gesteel is, tel elektriese toerusting, kampstoele, kampbeddens, verskeie stukke gereedskap, en selfs sy nuwe kragopwekker.

Nog ‘n slagoffer is Ella Hendriks, wat rapporteer dat die diewe toegang tot haar erf en motorhuis verkry het. Die gereedskapkas is uitgegooi, maar sy is onseker wat presies vermis word, aangesien sy nie ‘n volledige inventaris het van wat alles daarin was nie.

In die Vegkop-woonbuurt is daar ook insidente van verdagte aktiwiteit aangemeld. Hilde Els het CCTV-beeldmateriaal van twee verdagtes wat omstreeks 01:53 op Dinsdagoggend in haar erf rondgeloop het. Die voorval het skok in die buurt veroorsaak, veral omdat die diewe duidelik nie afgeskrik word deur ligte, kameras of mure nie.

Die plaaslike gemeenskap roep nou op vir meer sigbare polisiëring en groter waaksaamheid onder inwoners. Inwoners word aangemoedig om hul eiendom behoorlik te beveilig, waardevolle items uit sig te hou, en gereeld CCTV-stelsels na te gaan indien moontlik.

Enigiemand met inligting oor die voorvalle word versoek om die Heilbron-polisiekantoor te kontak. Die gemeenskap hoop dat die oortreders vinnig opgespoor en vervolg sal word.



# Gimnastiek kry nuwe lewe in Heilbron

## *Kyla brei klub uit met kompeterende program*

Kyla Bennink, 'n passievolle en gekwalifiseerde gimnastiekafrigter, bring nuwe energie na die wêreld van gimnastiek in Heilbron. Haar klub, wat reeds vir 'n jaar bestaan en tans die nie-kompeterende Akro-Kidz program aanbied, brei binnekort uit met 'n opwindende nuwe toevoeging.

Vanaf die einde van Julie, wanneer die nuwe kwartaal begin, sal Kyla haar Women's Artistic Gymnastics-program bekendstel – 'n kompeterende program spesiaal vir skoolgaande dogters. Hierdie jong atlete sal die geleentheid kry om hul vlakke (levels) te voltooi en aan amptelike kompetisies deel te neem.

Kyla, wat tussen 2021 en 2023 aan die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom studeer het in Menslike Bewegingswetenskappe met Sportafrigting, is nie net 'n gekwalifiseerde afrigter nie, maar ook ten volle geregistreer saam met haar klub by Gimnastiek SA. Sy het verskeie afrigtingskursusse voltooi om seker te maak haar atlete kry opleiding van die hoogste gehalte.

Die klub, wat gelee is in die NG Kerk Suid se saal, bring 'n waardevolle sportaktiwiteit terug na Heilbron. "Jare terug het Heilbron 'n florerende gimnastiekklub gehad waarin verskeie kinders van die dorp deelgeneem en goed gevaar het. Dis wonderlik om dit weer tot lewe te bring," sê Kyla.

Met haar toewyding en kennis is Kyla vasbeslote om plaaslike talent te ontwikkel en 'n platform te skep waar dogters nie net fisiek sterker kan word nie, maar ook selfvertroue, dissipline en trots in hul prestasies kan opbou.

Ouers en belangstellendes wat meer wil weet oor inskrywings of die program self, is welkom om haar direk te kontak op 073 086 2230 of 'n draai te maak by die NG Suid saal om die klub in aksie te sien.



# Verdagtes in begraafplaas in hegtenis geneem

Die Petrus Steyn-polisie, met bystand van die gemeenskap, het vier verdagtes van Mamafubedu naby Petrus Steyn in hegtenis geneem nadat hulle betrap is terwyl hulle koperdraad in die nuwe Nketoana Munisipale begraafplaas gegrawe het.



Daar word beweer dat die gemeenskap van Mamafubedu op 3 Junie 2025 omstreeks 11:15 die polisie in kennis gestel het van persone wat in die nuwe munisipale begraafplaas grawe. Die polisie het die klag gaan ondersoek en die betrokke persone gevind. Hulle is deursoek en stukke koperdraad is in hul rugsakke gevind.

Die vier verdagtes is in hegtenis geneem en aangekla. Hulle het op 4 Junie 2025 in die landdroshof in Petrus Steyn verskyn op aanklag van besit van vermeende gesteelde eiendom.

# Duiwe Wedvlug seisoen het begin

## *Kransfontein Resiesduif klub*

Die 2025 Wedvlug seisoen het op Saterdag 2025-06-07 begin en Kransfontein Resiesduif klub het vanaf Bloemfontein gevlieg. Die duiwe is om 07:40 gelos en die wen duif is om 11:14 geklok op Reitz. Daar het 7 lede en 260 duiwe deelgeneem.

1. Spartan Pigeons 3
2. Heine Hokke
3. Heine Hokke
4. Heine Hokke
5. Morgenzon Lofts B
6. Morgenzon Lofts A
7. Spartan Pigeons 3
8. Mogenzon Lofts A
9. Heine Hokke
10. Heine Hokke

Volgende Saterdag neem vlieg die duiwe weer vanaf Bloemfontein.



*Op die foto regs is Willem Muller van Spartan Pigeons 3 met die wenduif 3390.*

# SMALLS

**BESIGHEIDSURE**

**Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**

Elsstraat 42, Heilbron | Tel: 058 853 0006

POSTNET HEILBRON




## FOTOSTATE

| | | |
|---|---|---|
| **Swart / Black** | | |
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| **Volkleur / Colour** | | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald – Office National




Kontak ons vir enige skryfbehoefte-benodigdhede

*Elsstraat 42, Heilbron*
*Tel: 058 853 0006*

Herald – Office National

**Jaarbeplanner 2025**

**AUGUSTUS**
- 1 Aug. - BoereTreat Gholf
- 2 Aug. - BoereTreat Gholf & Fees
- 20 Aug. - Huis- & Tuinbouklub

**SEPTEMBER**
- 17 Sept. - Huis- & Tuinbouklub

**OKTOBER**
- 15 Okt. - Huis- & Tuinbouklub

**NOVEMBER**
- 19 Nov. - Huis- & Tuinbouklub




**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

Herald – Office National




**TE HUUR**

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.

**Sonja Muller 081 849 1877**

## GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

**BIBLIOTEEK OOP**

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**

*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*

Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za

YOU THINK IT - WE PRINT IT

YOUR ONE STOP BRANDING SPECIALIST




marketing@heilbron.co.za | 083 495 5512 Heilbron Herald

DUPNO Trading

**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**

Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**

heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 8078

POSTNET HEILBRON

# HERALD Sport




## Hoërskool Heilbron se Onder-11's maak golwe op die rugbyveld!

Die jong manne van Hoërskool Heilbron se O/11-rugbyspan het Woensdag behoorlik 'n stempel afgedruk tydens hul ligawedstryd teen Handhawer by Hoërskool Dr Malan – en met 'n indrukwekkende sege van 15–5 het hulle hul skool en gemeenskap met trots vervul!




Voor in die stryd het drie kragpakkies hul staal gewys – Liam, Stroebel en Mikaeyl. Liam se aggressie dryf elke dryf vorentoe, Stroebel hou die spel netjies en strategies aanmekaar, en Mikaeyl? As jy hom probeer stop, sal jou lyf dit lank onthou – hy's beslis nie daar om mooi te speel nie!

Net agter hulle het Herman en Cornel die span se fondasie versterk. Herman het lynstane baasgeraak en Cornel se verdediging was rotsvas – elke duikslag het die opposisie laat terugdink.

Die losvoorspelers – Bossie, Darius en Divandré – het hul teenstanders behoorlik besig gehou. Bossie het elke losbal opgespoor, Darius het met styl én standvastigheid gespeel, terwyl Divandré met spoed en uithouvermoë 'n ware doring in die vlees was. Hy is ook aangewys as speler van die wedstryd.

In die skakelpaar het PJ en Rudie die tempo bepaal. PJ, altyd gereed met 'n opdrag en energie wat aansteeklik is, het dinge laat gebeur. Rudie, koel en kalm, het elke geleentheid benut en die bal met akkuraatheid versprei.

Die agterlyn was net so dodelik: Gerdus en Merwe op die vleuels het elke oop stuk grond benut met hul blitsige spoed. In die middel was Diaan, 'n ware stormram, en RJ, wat die verdediging geknak het met sy skerp insnydings. Heel agter het Jan Carl soos 'n strateeg gestaan – altyd gereed om die bal terug te ploeg of 'n teenaanval te loods!

Op die kantlyn het 'n sterk ondersteuningspan gewag: Sias, Hanro, Rani, Reatlehile, Melusi, Luca, Phomolo, Philip en Du Plooy – gereed om in te spring met vars krag wanneer dit saak maak!

Drieë is gedruk deur Liam Snyman, Rudie Jonker en Divandré Lombaard – elkeen 'n hoogtepunt van spanwerk en toewyding!

Met afrigters soos Alwico Lesch (hoofafrigter) wat drie jaar van afrigting agter sy naam het, Gerrie Muller, GP Rossow en Jurie Jonker aan die stuur, is dit geen verrassing dat hierdie span uitblink nie. Hulle is deeglik afgerig, passievol en toon ware sportmanskap – 'n wenresep in enige liga!

## Jackie - HBA Maandbeker wenner

Die HBA Maandbeker is op Saterdag, 7 Junie 2025, by die Heilbron Gholfklub beslis onder uitstekende toestande en mededingende spel.

Jackie Leonard het met 'n indrukwekkende netto telling van 69 die trofee ingepalm. Hy het van 'n voorgee van 1 gespeel en bewys waarom hy as een van die klub se sterkste spelers beskou word.

In die tweede plek was Ruan Minnie met 'n stewige 70 netto, gevolg deur Thulani Malgas, wat met 'n 73 netto die derde plek behaal het.

Baie geluk aan die wenners en dankie aan HBA vir hul volgehoue ondersteuning van klubgholf.



*MUG WENNERS: Thulani Malgas, Jackie Leonard en Ruan Minnie.*

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 16 JUNIE 2025**
Geen Veilings.

**DINSDAG - 17 JUNIE 2025**
KLERKSDORP Twee-weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036

ANYSSPRUIT Kwartaallikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

VILJOENSKROON: NIEKERSRUST SAVM SPESIAALE VEILING
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

**WOENSDAG - 18 JUNIE 2025**
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

PAUL ROUX: BLOUKRUIN BDY SPESIAALE VEILING
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

STANDERTON: MEYERSVLEI BONSMARAS PRODUKSIEVEILING
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

**DONDERDAG - 19 JUNIE 2025**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

VREDE: WICAR BOVELDERS PRODUKSIEVEILING
Kontak Jandre Moll 082 307 9169

PAUL ROUX: BLOUKRUIN BDY SPESIAALE VEILING
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

**VRYDAG - 20 JUNIE 2025**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

STANDERTON: OOSTELIKE ILE DE FRANCE PRODUKSIEVEILING
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 226, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za